

NUUS UIT DIE DAGBESTUUR:

Die afgelope Dinsdag was 'n tipe mylpaal vir ons gemeente: die kontrak vir die uitbreiding van ons kerkgebou is geteken. Nadat ek as voorsitter van die kerkraad die bladsye – dit het gevoel na 100 van hulle! – geparafeer en geteken het, het daar 'n rustige, gewyde gevoel van my besit geneem. Die verskyning van die projek op die kerkraad se agenda, die positiewe gevoel dat die Here ons nou lei om die verbouings te doen, die verskeie probleme wat opgeduik het en toe weer soos mis voor die son maklik verdwyn het, die “toevallige” behandeling van Nehemia se verhaal tydens Pinkster, die spesifieke behoeftes van ons gemeentelide vir samesyn en ondersteuning en versorging asook die feit dat alles inpas by ons roeping wat ons glo die Here ons van oortuig het, het my diep dankbaar gemaak. Dit lyk vir my so én ek glo daarom die Here is besig om voor te gaan. Ons volg Hom dus in hierdie projek.

Ons verwag dat die bouer, William Volkwijn, teen Dinsdag besit van die terrein sal neem en begin bou. Hy beplan om die bouwerk met die minimum ontwrigting vir die gemeente te verrig en teen einde November klaar te wees. Tot daardie tyd vereis die regulasies dat die bousterrein afgekamp en beveilig moet word. Ons vra asseblief almal se begrip daarvoor.

Die ramp-bydraes wat ons ontvang het vir hulp na die vreeslike brand by Bettysbaai, is goed gebruik om mense te help. Dit is vertroulik deur ds. Steven hanteer en daar is behoorlik rekord gehou van alles. Die Dagbestuur gaan by die kerkraad aanbeveel dat die restant in 'n rampfonds buite die gewone gemeentelike fondse gehou word vir enige vorm van ramphulp wat ons vorentoe in ons gemeenskap mag benodig. Dit is dus apart van die noodfonds waarvoor ons ook begroot. Hierdie fondse sal via ons Barmhartighedsaksie hanteer word. Ook dit pas in by ons roeping om verskilmakers en ambassadeurs van hoop te wees. Alle eer aan die Here!

Onthou ons kommunikasiekanale is altyd oop. Kontak gerus die leraars of vir my.

Met vriendelike groete,
Jannie Hougaard. 83 680 7694

DIE WEEK SE PROGRAM

Maandag	Vriendskapsfees
---------	-----------------



KERKKLOK

KLEINMOND BETTYSBAAI PRINGLEBAAI ROOIELS

16:06:2019

Welkom by die erediens

09:00 Hangklip - Ds. Daan Botha

09:30 Kerkgebou - Ds. Jannie Hougaard

Deurkollekte: Pinkster

Eredienste 23 Junie 2019

09:00 Hangklip-Sentrum in Bettysbaai

09:30 Kerkgebou

Deurkollekte: Pinkster

BYBELSKOOL

Die Bybelskool hervat eers na die vakansie op Sondag 14 Julile.



Ons gemeente
se snapsan kode

Kerkkantoor 028 271 3470 ngkkleinmond@gmail.com

www.ngkkleinmond.co.za

Ds. Steven Sass 072 352 8347

sasssteven@hotmail.com

Dr. Chris Malan 072 198 7279

drchrismalan@outlook.com



ONS GEE OM



WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het
Ons dink veral aan Jannie Basson: Sb4 (☎ 4108),
Marianne Oosthuizen: KP (☎ 0787342726),
Annetjie Gouws: PM1 (☎ 0842837822),
Marie Groenewald: KB3 (☎ 0722205457),
Jessie Hechter: BB1 (☎ 0823710877),
Charlotte Swart: KP, Mercia van Zyl: KP,
Ferdinand Naudé: Bb2, (☎ 0726393226),
Riti Turner: KB1 (☎ 0793862695),
Tweenitha Coetzee: KB1 (☎ 3440) en Hilda Roets: KB5 (☎ 5889)

Ons harte gaan uit na Johan de Clerk van Sb3 en sy kinders na Ruanda se dood. Ons dink ook aan Cecile Coetzee wie se broer oorlede is. Mag hulle elke dag die Here se teenwoordigheid ervaar.

.. EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.
In die besonder almal wat vandag verjaar. Ons gee ook hul kontaknommer sodat u hulle kan bel.

Elrie Hugo (0837080552 - Bb2)
Beatrice Joubert (0829722084 - KB5)
Jacques Oosthuizen (0828990762 - KB3)

VRIENDSKAPSFEEES

Maandag 17 Junie – besluit solank wie jy gaan saambring om te bederf.

Die hekke by Mthimkhulu maak 09:00 oop - u kan uit die hoofstraat om vanaf Neëndestraat die terrein binnekom.

HOUERS GESOEK

Daar was Sondag 26 Junie 2019 drie houers met blomme op die verhoog by die gesinsdiens in die saal. Die houers is per ongeluk tydens die diens uitgedeel. Daar was 'n groot protea in elke houer. Sal die persone wat dit gekry het die houers asseblief kerkkantoor toe bring. Die eienaar soek dit met 'n seer hart.

GEBEDFOKUS

Ons loof die Here vir sy goedheid: die mooi van die natuur rondom ons, mense wat vir ons lief is, 'n gemeente waar ons Hom beter kan leer ken en waar ons tuis is.

Ons bid vir almal wat eensaam is, wat siek is, wat hartseer is.

Ons gebed is dat die Here ons sensitief sal maak vir mense se swaarkry en ons sal help om uit te reik.

HANGKLIP SE BASAAR

Indien u enige bruikbare huishoudelike artikels het wat in onbruik is, bel Wolfgang Steinbach, 0828236821. Hy sal dit gratis kom haal.

Daar is ook weer heerlike wildswors gemaak. 100% vleis @ R100 per kg. Kleinmonders kan hul bestellings plaas en indien daar meer as 10kg bestel word, sal dit by die kerkkantoor afgelewer word. Bel Riekie Nel by 0847044412.

KLASSIEKE MUSIEK KAN OOK N STORIE VERTEL

Ella Fourie demonstreer aan die hand van klavierspel en opnames hoe stories, mites en natuurtonele in musiek van die Romantiese tydperk uitgebeeld word.

Donderdag 27 Junie om 18:30
Aan huis van Johan en Ella Fourie, Sea View Rylaan, Bettysbaai
'n Vingerete en wyn sal bedien word.

Kaartjies is beperk tot 30. Verkrygbaar by Erika du Bois; 0732742894; Sandra Horn 0731698400, Riekie Nel 0847044412 asook by die kerkkantoor teen R80 per persoon.

WINTERMARK

Van 25 Junie tot 6 Julie hou Fynbos hul jaarlikse wintermark in die kerksaal. Maandag tot Vrydag van 10:00 tot 13:00 en Saterdag van 10:00 tot 13:00.

Kom kyk en kom koop van die artikels wat uitgestal word. Fynbos verkoop pannekoek, vetkoek, kerrie en rys en sop en brood.

Ons gemeente verkoop regte basaarpoeding.
Kom ondersteun asseblief.

Terugvoering vanaf die Eko-bediening (EB)

1. **Proppies en knippies:** Die EB sê baie dankie aan almal wat hierdie projek so mooi ondersteun. Die afgelope 6 weke is 'n totaal van 8 299 proppies en 7 304 knippies versamel. Dink net hoe goed is dit dat hierdie klomp plastiek herwin kon word en nie op die stortingsterrein beland het nie. Nog meer: dink net aan die skade as selfs net 'n deel hiervan in die see beland het! Dankie aan Yvonne en Susan wat dit hanteer.
2. 'n Klein versoek: sit asb die **broodknippies** in 'n klein plastieksakkie (soos ou banksakkie) om dit vir die tellers makliker te maak.
3. Ons is bly dat **Bettysbaai** van vandag af ook inskakel by die projek. Kom ons gaan voort met REfuse, REduce, REuse en dan REcycle.
4. Ons projek om herbruikbare **inkopiesakke** te bevorder gaan ook steeds voort. By die 70 is reeds verkoop en daar is nuwe voorraad by die kerkkantoor beskikbaar @ R15. Ons is bly dat **Bloubakkie** nou ook dieselfde sakke verkoop.

